*Donderdag* **22 Mei**

**Skrifgedeelte: Romeine 10:5-21 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Romeine 10:14-15**

**Werking van die Woord**

God is deur Paulus hier aan die woord om die gelowiges in Rome te leer dat vryspraak slegs in Christus te vinde is. Elke gelowige kry deel aan hierdie vryspraak deur hulle geloof in Christus alleen. Die Woord is die boodskap van hierdie geloof (vs 8) en dit leer dat elke hart wat glo en elke mond wat bely dat God Jesus uit die dood opgewek het gered sal word (vs 9).

God spreek dan die werklikheid aan dat niemand Hom kan aanroep as hulle nie glo nie, en hulle kan net glo as hulle van Hom hoor, en hulle kan nie hoor as iemand nie preek nie. Hoe preek jy as jy nie gestuur is nie? Dus is dit wonderlik as jy die voetstappe hoor van hulle wat die goeie boodskap van Christus verkondig (vs 14-15). Die werking van die Woord, deur die Heilige Gees, bring dus geloof deur hulle wat dit verkondig en die geloof bring redding.

Vandag is hierdie selfde beginsel nog net so relevant soos vroeër, naamlik dat mense God slegs kan aanroep as hulle in Hom glo. Om te kan glo, moet hulle van Christus hoor. Hierdie is ’n baie belangrike saak dat Christus vandag verkondig moet word in eredienste, Bybelstudies en evangelisasie. Christus moet gehoor word in ons werksplekke en skole, want daar waar Christus verkondig word, daar is die Heilige Gees aan die werk en word die geloof bewerk. Die roeping is groot op hulle wat geroep is om hierdie werking van die Woord te verduidelik, want die oes is groot, maar die arbeiders is min (Luk. 10: 2).

Dit is ’n werklikheid binne ons eie kerkverband dat daar min jongmanne is wat die laaste paar jaar geroepe voel om hierdie kosbare evangelie te verkondig. Daarom word ons as kerke opgeroep om jongmanne met die nodige gawes binne ons gemeentes te identifiseer en aan te moedig om opgelei te word om die blye boodskap te verkondig. Dus, waar Christus verkondig word, daar kan deur die Woord en Gees geloof wees en so raak die getal vol van hulle wat deur God vir die ewigheid bestem is.

*Sing: Psalm 89-1:1, 6*

*Ds. AN (Nikla) du Plessis (Worcester)*